Jeugdag: Die Gees sluit almal in!

Aard van diens:
Hierdie diens kan maklik aangepas word as ‘n familiediens, ‘n gewone diens met ‘n jeugfokus of ‘n tienerdiens.

Teks:
Handelinge 2:14-21 (Kolossense 3:11, Efesiërs 4: 1-7)

Moontlike liedere om te gebruik in die diens:

- Liedboek 154:1 en 2 Kom nou tesaam
- Liedboek 164: 1 en 2 – Ons is almal hier tesaam
- Liedboek 293: 1 en 3 – Jesus neem ons kleine kinders
- Liedboek 294: 1-3 - Jesus roep die kindertjies
- Liedboek 334:1-3 - God is liefde
- F191 - Nuwe Generasie
- F092 - Seën ons Here God, Seën Afrika (Seëngebed)
- F058 - Skepper Gees
- F113 - Here Jesus, U Skyn Oor Almal

Afkondigings

Verwelkoming

Aanvangswoord (Kolossense 3:11)
Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.

Seëngroet
Gemeente en kinders, ek groet julle in die naam van God die Vader, Sy Seun Jesus en die Heilige Gees.

Loflied

Ons is almal hier tesaam (Liedboek 164 vers 1&2)

1. Ons is almal hier tesaam,
   vergader in sy Naam,
   verheerlik Hom
   Tot die dood was Hy getrou
   en daardeur is ons nou
   Sy eiendom.
   Kom ons leef soos wat Hy vra
   en leer om te verdra
   En liefde na te streef
   Loof Hom, Christus, die Heer

   2. Ons is almal hier tesaam,
   verenig in sy Naam
   verheerlik Hom.

Met ons hart en mond en hand,
ons kragte en verstand
kom loof ons Hom.
Hou ons lewend deur u Gees,
Laat ons u kinders wees,
En U bo alles eer.
Jesus, Christus, die Heer

Vredesgroet
Verduidelik die betekenis van die hierdie groet, en rig dit in sodat almal mekaar só groet.

Ons groet mekaar in Zulu– "**Sawabona** – ek sien jou!"
En ons antwoord – "**Sikbona** – ek is hier!"

"SAWABONA" is a common greeting among the tribes of northern Natal in South Africa and it literally means "I SEE YOU" As to say, "I respect and acknowledge you for who you are" In return people say "SIKBONA" which literally means "I AM HERE" as to say "When you see me you bring me into existence".
http://tarbeyah.wordpress.com/2012/02/15/sawabona-seeing-as-a-dialogue/

Aansteek van die Christuskers
Reël vooraf dat 'n kind dit doen. Verduidelik die betekenis van die Christuskers in die lig van Pinkster.

Kindermoment: Almal is nodig…

Gebruik 'n **aktiwiteit waar elkeen 'n rol moet speel**, anders werk dit nie.

Byvoorbeeld **koekbak**:
Deel koekbestandele uit en vra die vraag – wat sal gebeur as sekere kinders nie hul bestanddele ingooi nie? Kyk hoe lyk die deeg sonder bv. nat bestandele of die sjokolade koek sonder kakao? Hoe proe dit sonder versiersuiker ens (nie heeltemal so heerlik nie). *Verkieslik moet iemand tydens die diens die koek bak sodat almal na die tyd daaraan kan proe (of almal proe aan die einde van die diens 'n ander koek wat reeds gebak is).*

'n Ander voorbeeld met **Jenga**:
Gebruik **Jenga** blokkies om 'n toring te bou (as jy tyd het kan hulle dit bou). Verduidelik dat die toring redelik stewig is. Laat elke kind 'n blokkie verwyder, nou raak die toring al hoe swakker, want al die blokkies is nodig! Uiteindelik val die toring.

Maak die punt dat ons almal vir God belangrik is en almal is deel van die geloofsfamilie (soos die bestanddele van 'n koeke of die blokkies van 'n toring), ons het almal nodig, almal is deel, almal maak 'n verskil.

Preek tema: Die Gees sluit almal in!

Sekere dinge in die lewe is net moeiliker as almal nie deel neem nie, of al die dele nie saamwerk nie… *Jy kan hier 'n storie uit jou eie lewe vertel van 'n sportspan wat met een minder speler speel of 'n keer toe jy met 'n pap band moes motor/ fiets ry.*

Maar soms vergeet ons dat die kleinste of die minste deel ook belangrik is… soos as jy vergeet om sout te gebruik op jou braaivleis, of as jy die bakpoeier vergeet in jou koek!

Preek illustrasie

Wie is hierdie persoon op die roeiboot? *(Wys 'n foto van 'n roeispan met 'n stuurman aan boord)*. Dit lyk of die persoon nie roei nie. Is dit nie net ekstra gewig nie (al is dit 'n klein outjie)? Is hy te swak om te roei? Maak hy nie 'n verskil nie? Ry hy net saam vir die lekker??

Eintlik is dit 'n baie belangrike persoon – die stuurman van die boot. Sy werk is om die ritme aan te gee, sodat die span gelyk roei en om die rigting aan te dui. As hy nie daar is nie, (al is hy hoe klein) gaan die span nie so effektief saamwerk nie, en gaan hulle dalk verkeerde rigting roei.

https://en.wikipedia.org/wiki/Coxswain_(rowing)
https://en.wikipedia.org/wiki/Coxswain_(rowing)#/media/File:Coxing_Oxford_Eights.JPG

In die Bybelse tyd was vroue, kinders en slawe nie so belangrik geag soos mans nie. Hulle het gediskrimineer / onderskeid gemaak tussen

- mans en vroue
- kinders en grootmense
- konings /base/eienaars en onderdane / dienaars (slawe)
- profete en gewone mense
- Jode en ander volke

En net spesiale uitverkore mense (profete) kon namens God optree, namens God praat, visioene van God sien of 'n droom van God kry. Dis vir ons moeilik om ons in te dink in so 'n wêreld, nê?

Maar ons almal het al gevoel hoe voel dit as jy nie gekies word vir die span nie, of as iemand jou nie 'n kans gee om te praat nie, of as jy nie uitgenooi word na 'n partytjie nie. Of as jy by jou werk oorgesien word vir bevordering, of as jou harde werk nie raakgesien word nie. Of as jy tuis moeite doen, maar daar is nie waardering nie. Ons almal was al oorgesien of uitgesluit.

Handelinge 2: 14-21

Maar dan gebeur daar iets wonderlike op pinkster dag wat die hele geloofsgemeenskap omkeer.

Vertel kortliks die Pinkstergebeure, of vra dat die kinders vertel wat op pinkster gebeur het. Al die gelowiges wat bymekaar was in die bovertrek het die Gees ontvang….

Al die gelowiges wat die Gees ontvang het, het in ander tale praat (wat die mense om hulle herken het as verskillende wêreldtale). Hoe was dit moontlik?

Petrus staan op en vertel vir almal wat gebeur het en vir wie die Gees gegee is. Hy verduidelik dit aan die hand van die profesie van Joël (wat 800 jaar voor hierdie Pinksterdag voorspel is, en nou uiteindelik waar geword het).

Lees Handelinge 2: 14-21

14 Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: “Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê:
15 Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre.
16 Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:
17 “Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.
18 Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.
19 Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke.
20 Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.
21 So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

<u>Wie is almal ingesluit?</u>

- Seuns en dogters… maw alle geslagte. Vroue en meisies is gelyk, die Gees is ook netso by hulle
- Jongmense en oumense is ingesluit – alle ouderdomme is gelyk, die Gees is netso by kinders en by bejaarde mense
- Gewone mense (ook kinders en oumense en onbelangrike mense en ondergeskikte mense) sal gesigte sien en drome droom maw sal soos profete deur God gebruik word!

<u>Wat is verrassend anders?</u>

Die mense in daardie tyd het die wêreld gedeel in groepe- belangrik en minderwaardige groepe. Ook in hul godsdienstige leefwêreld was daar mense wat belangriker was as ander. Met die uitstorting van die Heilige Gees, kom herinner

Petrus vir hulle daaraan dat God nie onderskeid maak nie. Hy sluit almal in by die belofte van die Gees. Die Gees diskrimineer nie. Die Gees verkleineer nie. Die Gees sluit nie mense uit nie. Die Gees maak nie sekere mense of groepe belangriker as ander nie. Dit was vir hulle 'n verrassende nuwe manier van dink! Dit het hulle manier van doen uitgedaag en hulle moes leer om nuut hieroor te dink!

Hoe daag die teks ons uit?

Op jeugdag word ons herinner aan die tyd in Suid Afrika toe daar teen mense van sekere rasse gediskrimineer is. Dit beteken dat daar 'n tyd was wat almal nie gelyke regte of voorregte gehad het nie. In 1976 het baie jongmense saam gestaan en 'n optog gehou om te sê – dit is nie regverdig nie!! Dit is verkeerd dat almal nie dieselfde manier hanteer word nie. Skole moet vir alle kinders dieselfde opvoeding en bied.

Jy kan besluit of jy hier meer wil sê daaroor of 'n foto wil gebruik:
https://en.wikipedia.org/wiki/Soweto_uprising

https://www.google.co.za/search?q=1976+soweto+uprising&safe=active&hl=en&site=webhp&source=lnms&tbm=isch&sa=X&ved=0ahUKEwjbxcCtzaPUAhWJJ8AKHR4tBecQ_AUIBigB&biw=802&bih=616&dpr=1#imgrc=nKORM2_yas8JrM:

https://worxintheory.files.wordpress.com/2013/07/soweto-riot-2.jpg

Die teks daag ons ook uit om 'n groot spieël voor ons self te hou en te vra… wie sluit ons in en uit in vandag se tyd uit? Teen wie diskrimineer ons? Watter mense dink ons aan as minderwaardig?
Jy kan hier voorbeelde noem (bv arm mense, werklose mense, mense uit ander godsdienstige of politieke oortuigings).

In 'n diep verdeelde samelewing en 'n tyd wat diskriminasie talle vorms aanneem, herinner hierdie teks ons aan God se koninkryk waar almal ingesluit is en die laastes, die eerstes is. Die omgekeerde orde van God se liefde beteken dat ons met hoop na Suid-Afrika en die wêreld kan kyk en weet dat God se Gees mense omkeer. En dat Sy Gees jongmense gaan gebruik om die wêreld 'n beter plek te maak!
Vertel hier 'n storie van jongmense in jul gemeente of gemeenskap wat 'n verskil maak en wys 'n foto daarvan.

Of wys hierdie videogreep van 'n kind wat 'n verskil maak:
Kids playing basketball open their hearts and invite a boy in a wheelchair to play:
https://youtu.be/QmnJJGQ_gDw
of Canadian Tire "The Outsider" :60
https://www.youtube.com/watch?v=Nh8gA_flq_A

Wat beteken die teks vir ons in ons gesinne en in die gemeente?

Hoe hanteer ons mekaar in die **gesin**? Wat beteken dit vir jou dat almal gelyk is in die gesin? Almal is gesalf met die Gees, almal het die Gees. God is vir almal in die

gesin ewe lief. Dit beteken dat kinders/jongmense ook vir ons dinge kan leer en ook vir ons ‘n voorbeeld kan wees!
Watter uitdagings beleef jul tans in die gesin – dalk kommunikasie, dalk iemand met moeilike persoonlikheid, dalk ‘n uitdagende tyd vir julle. God herinner jul vanoggend dat hy by julle is en dat julle vir mekaar goed moet wees, mekaar moet aanvaar, mekaar moet ag.

Whitney Houston se ou bekende lied “Greatest Love of All” herinner ons as volwassenes hoe ons moet dink oor ons kinders**…**

“I believe the children are our future
Teach them well and let them lead the way
Show them all the beauty they possess inside
Give them a sense of pride to make it easier
Let the children’s laughter remind us how it used to be”

Kinders leer uit voorbeeld. Wys liefde, en hulle leer liefde. Wys respek, en hulle leer respek. Lag saam met hulle. Lei met jou voorbeeld, en hulle sal volg.

En hoe kan ons mense insluit in ons **gemeente** en uitnooi en laat welkom voel? Hoe tree ons gasvry op? Reik ons uit na mekaar of bly ons in ons groepe? Wanneer laas het jy as oumens met ‘n kind of anders om gaan gesels? Wanneer laas het jy met ‘n vreemdeling gesels?
Daag dalk die lidmate uit om oor tee na kerk met iemand te gesels wat jy altyd mee gesels nie.

***Praktiese voorstel** – deel plakkers uit van verskeie kleure (plak een op elkeen soos hulle inkom). Daag hier dan elkeen uit om iemand met dieselfde kleur plakker (nie ‘n gesinslid of vriend nie) te gaan ontmoet / mee gesels na die erediens.*

Wat beteken die verhaal vir jou?

Jy is ‘n kind van God en Sy Gees is in jou en leef deur jou. Jy voel dalk soms klein en onbelangrik in God se Koninkryk of jy voel jy kan nie ‘n verskil maak nie. Soms voel jy dalk eensaam of uitgesluit deur mense. Soms voel jy dalk minderwaardig teenoor ander. Hierdie gebeure op Pinksterdag herinner jou dat God se Gees jou ook insluit en kies. Jy is God se kind en Hy is lief vir jou. Hy sal jou nooit verlaat of in die steek laat nie. God werk deur Sy Gees in jou. Jou lewe is vir Hom belangrik. Jy is sy profeet in die wêreld. hy het jou gekies en aangestel om deur Sy Gees Hom te dien en die wêreld te beïnvloed.

Verhale hiervan:

As jy tieners in jou diens het, kan jy oorweeg om die eerste stuk van die volgende videogreep te wys. Dit is getuienisse van die drome van jongmense wat #imagine bygewoon het – waarin hul sê hoe hulle droom om ‘n verskil te maak…
https://www.youtube.com/watch?v=M2lqOfcIXa4 (wys net tot by 2:45)

Indien dit ‘n tienerdiens is, oorweeg ook een van die volgende 2 videogrepe:
#imagine 2017 Signs Part 2 https://www.youtube.com/watch?v=mv1gLLUyZNw

#imagine 2017 Signs Part 3 https://www.youtube.com/watch?v=wk5CR1dqelY

Geloofsbelydenis

- Gebruik hier die geloofsbelydenis hieronder, aangepas uit Efesiërs 4
  Of
- Vertoon die videogreep “Ek glo – die Apostoliese geloofsbelydenis” https://www.youtube.com/watch?v=g5bEid17nnU

Geloofsbelydenis aangepas uit Efesiërs 4: 1-7

Liturg:
Ek druk julle dit op die hart: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.
Gemeente:
Daar is net één liggaam
en net één Gees,
Liturg:
soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.
Gemeente
Daar is net één Here, één geloof, één doop,
Liturg:
Daar is net één God en Vader van almal:
Gemeente:
Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.
Liturg:
Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.
Gemeente:
Kom ons gebruik ons gawes om mekaar te dien in liefde.
Liturg:
Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.
Gemeente:
Amen

Gebed

- Reël vooraf met ‘n paar kinders / tieners om gebed te kom doen / voorlees vir verskillende jeugsake.
  Of
- Oorweeg om die lied F092-Seën ons Here God, Seën Afrika (Seëngebed) af te laai as MP3 en te speel as ‘n gebed.
  http://www.kerkmusiek.co.za/product/seen-ons-here-god-seen-afrika-jandre-viljoen-en-neil-buchner/

Kollekte

- Reël vooraf dat gesinne of jongmense kollekte inneem.
- Oorweeg om die MP3 van “nuwe generasie” te koop en te speel tydens kollekte of as uitstaplied.
  http://www.kerkmusiek.co.za/product/nuwe-generasie-stass-2/

Slotlied:

- F092-Seën ons Here God, Seën Afrika (Seëngebed)
  Of
- F113 - Here Jesus, U Skyn Oor Almal

Seën

Antieke seënbede uit die 4e eeu aangepas en vertaal:

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak.
Die Here is LANGS jou om jou in Sy arms toe te vou.
Die Here is AGTER jou om die aanvalle van die Bose af te slaan.
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val.
Die Here is RONDOM jou om jou te beskerm.
Die Here is BOKANT jou om jou te seën.
Die Here is BINNE-IN jou om jou te lei met Sy Heilige Gees.
Die drie-enige God is BY jou – van nou af tot in ewigheid.
Amen.

Geskryf deur Ds Anriëtte de Ridder (Predikant in Wes Kaapland Sinodale Diens: Jeug- en Familiebediening) vir Jeugdag 2017.